**Dinsdag 10 Julie**

| **Skrifgedeelte: Levitikus 24:10-16** | **Fokusgedeelte: Eksodus 20:7; Heidelbergse Kategismus Sondag 36:99** |
|---|---|

# God se Naam strek tot sy eer

Ek en my gesin is baie lief vir fliek. Ons vind dit ontspannend en dit is iets wat ons as gesin saam kan geniet. Dit word egter al moeiliker om flieks te kry waarin die Naam van die Here nie links en regs as stopwoord gebruik word nie. Waar laat dit ons as gelowiges? ’n Bekende Afrikaanse teoloog los dié dilemma op deur te argumenteer dat die akteurs nie die heilige (Hebreeuse) Name van God gebruik nie, en daarom is dit nie ’n probleem nie.

Hierdie argument blyk wel nie in lyn met die Skrif te wees nie. Ons sien in die gebeure in Levitikus dat die misbruik van God se Naam geen ligtelike saak is nie. Die rede daar-voor is eenvoudig: God se Naam is verbind aan God se eer. Wie dus sy Naam sonder res-pek gebruik, onteer God. Dit verdiep natuurlik die vraag rondom flieks: Uitgesluit die mis-bruik van God se Naam, is dit iets wat strek tot God se eer? As jy is wat jy eet, kan ons sekerlik ook sê: Jy word wat jy kyk! Ons moet oordeelkundig omgaan met dit wat ons deur ons oë en ore ons harte laat binnekom.

Die wonder is: Ons verloor niks as ons nie daaraan deelneem nie, as ons sekere flieks nie kyk of sekere boeke nie lees nie. Die skat wat ons het in ons Here Jesus is baie meer werd as dit wat mense kan opdis – oneindig meer! Maar dan moet ons van hierdie feit oortuig wees. Is jy!

(Praktiese hulp: www.dove.org en www.imdb.com [More/Parents Guide] gee inligting oor flieks vir ’n vooraf-evaluering.)

*Sing: Psalm 5-1:8-10*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*